

KAN JY 'N ASBLIK ASEMROWEND MOOI MAAK?

SKA SA hou vir die afgelope drie jaar 'n elke jaar 'n kompetisie vir die gemeenskapslede van Carnarvon om die SKA en sterrekunde in die gemeenskap te bevorder.

In 2011 was daar die skottelbou-kompetisie en in 2012 is 'n bufferplakker-kompetisie gehou. Laas jaar het 'n vlieërbou-en-vliegkompetisie in Carnarvon die gemeenskap aangemoedig om die SKA-projek te ondersteun.


Hierdie jaar speel SKA SA gasheer vir 'n kunskompetisie vir leerders van laer- en hoërskole, en volwassenes/nie-leerders. Ontluikende kunstenaars word genooi om A4-voorstelle te stuur met 'n prent en 'n logo wat die SKA bevorder.

Die finaliste se foto's sal op asblikke regoor die dorp verskyn; dit is ook mos 'n oulike manier om die plaaslike talent so bietjie blootstelling te gee.

Pryswenners in elkeen van die drie kategorieë sal die volgende wen:

- 1ste prys: 'n Model van die SKA-teleskoop
- 2de prys: 'n R1 000 geskenkbewys
- 3de prys: 'n R500 geskenkbewys.

Maak seker jy skryf voor die einde van Oktober in (dis die sluitingsdatum vir die kompetisie). Plaaslike kunsonderwysers sal help om die beste prente en logo's te kies.



Bo: Dit is 'n voorbeeld van hoe die asblikke kan lyk. Kan jy dit beter doen?

Links: 2012 se wenner.

Onder: Die skottelbou-wenner van 2011.



words*worth 011 646-0956

Oktober 2014

NIUWUS SKA



VIR DIE NOORD-KAAP

HOE KAN ONS UITBLINKERS HELP OM NA DIE STERRE TE REIK?

256 leerders van dorpe rondom die SKA-terrein het in September 'n toets geskryf wat 30 van hulle 'n R15 000 beurs in die sak kon bring om hulle wiskunde- en wetenskapspunte te verbeter.

Die SKA SA-skoolprogram is al vanaf 2008 besig in skole in Carnarvon, Van Wyksvlei en Williston om beter in wiskunde en fisiese wetenskap te presteer.

In 2012 het die program 'n nuwe deel by die leerderbeurs gekry. Hierdie deel sal 'n kleiner groepie leerders help om die punte te kry wat hulle nodig het om universiteit toe te kan gaan. Leerders in graad 8 tot 12 met die potensiaal om eendag universiteit toe te gaan, word gekies. Hierdie nuwe deel

is by die SKA SA-skoolprogram gevoeg omdat geen leerders uit hierdie drie dorpe al ooit 'n beurs gekry het nie, omdat hulle punte nie reg was om toelating tot universiteit te kry nie.

256 leerders in hierdie grade het nou die keuringstoets geskryf. Die toets het bestaan uit meervoudigekeusevrae wat met materiaal uit die Maths Foundation saamgestel is. Die dertig leerders met die beste punte sal deel van die leerderbeursprogram word, wat R15 000 per leerder werd is. Die leerders sal ekstra wiskunde- en wetenskapklasse kan bywoon, én kan aan wetenskapsfeeste en uitstallings deelneem.

“Die SKA kan verander wat die wêreld van ons dink: 'n plek waar jy die wêreld se beste wetenskap kan beoefen en wêreldklas-tegnologie op die voorpunt van die wetenskap kan ontwikkel en bou. Dit het reeds die “intellektrek” in astronomie omgekeer.”

Dr. Bernie Fanaroff

KOM VOLG IN TWEE VAN ONS SKITTERENDE JONG STERRE SE SPORE

GCOBISA FADANA

“My werk by die SKA SA beteken dat ek een van die gelukkige klein groepie mense is wat hard werk om 'n unieke radioteleskoop aan die wêreld te gee,” sê Gcobisa Fadana, projekbeheerder vir MeerKAT.

Gcobisa beskryf haarself as gedetermineerd, opreg en lojtaal, en sy is baie duidelik opgewonde oor haar werk by SKA SA. “Ek werk saam met mense wat beroepsgedrewe is, en al het ons baie werk wat moet klaarkom, werk ons as 'n span en kry ek die nodige ondersteuning. Die SKA-span maak dit vir my maklik om my werk te doen. Ek leer amper elke dag iets nuuts.”

Gcobisa het:

- 'n diploma in elektriese ingenieurswese van die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie,
- 'n diploma in projekbestuur van Unisa, én
- 'n graad in Elektriese Ingenieurswese van die Tshwane Universiteit van tegnologie. Sy leer haar span waarskynlik ook 'n ding of twee!

“SKA SA is een van die grootste projekte in Afrika; dit sal die vinnigste radioteleskoop in die wêreld wees. Al het ek 'n telekommunikasie-agtergrond, val die SKA binne my werksveld en omdat dit só 'n groot projek is, kan mens beslis in jou beroep groei,” sê sy en moedig jongmense aan om

vervolg op bladsy 2



Anele Nzama.

Gcobisa Fadana.

SKITTERENDE STERRE

vervolg van bladsy 1

wetenskap te oorweeg omdat dit 'n al hoe meer standvastige veld in Afrika word.

Met vroue soos die Minister van Wetenskap & Tegnologie, Naledi Pandor, wat vir haar lyk soos "'n vrou met integriteit, wat nie vir kritiek terugstaan nie" as haar inspirasie wil Gcobisa bekend wees as iemand met waardes en beginsels: "Ek wil bekend wees as 'n vrou wat haar werk geniet en vasbeslote is om al haar projekplanne volgens plan te laat loop!" En as haar dag se werk klaar is, vat sy die pad huis toe om saam met haar twee kinders TV te kyk en te ontspan.

ANELE NZAMA

"Die heelal word deur wette beheer en ek is een van daai mense wat in die 'wet van aantrekkingskrag' glo. Toe ek dus vir 'n onderhoud met SKA genooi word, toe wéét ek dit is die heelal wat besig is om sy ding te doen," lag Anele Nzama, junior radioteleskoop-operateur by SKA SA.

Dié pos by die SKA is hierdie nuuskierige en lewenslustige vrou se eerste "regte werk" sedert sy die Durban Universiteit van Tegnologie verlaat het, waar sy 'n Nasionale Diploma in Elektroniese Ingenieurswese met Rekenaarstelsels as hoofvak behaal het. "Ek het op kontrakbasis as 'n hardewaretoetsers/junior tegnikus vir 'n klein elektronikamaatskappy in Durban gewerk. Dis waar ek besef het dat ek 'n werk soek wat my toelaat om innoverend te wees. Toe begin ek aansoek doen vir poste wat 'ongewoon' sou wees vir my beroep... en hier is ek nou!"

Anele se werk vir SKA het haar toegelaat om groot drome te droom oor wat sy kan bereik. "Die maatskappy is so uiteenlopend en vol hoogs opgevoede en intelligente mense dat elke dag soos 'n nuwe leerervaring voel.

"Ons werk in Suid-Afrika het klaar SA aan die wetenskaplike wêreld bekendgemaak en bewys dat ons die vermoë en breinkrag het om geskiedenis te maak. Wanneer ek nuwe moontlikhede kan verken, spring ek soggens uit die bed om daarmee te kan begin. Ek is geweldig opgewonde om deel van hierdie projek te wees."

Anele is geïnspireer deur alles en enigiets wat haar verbeter en haar grootste wens is eenvoudig om só te leef dat sy altyd kan streef na die dinge waarvoor sy entoesiasies is.



Al die kwiltkunswerke op hierdie bladsye kom van die Nieu-Bethesda-kunssentrum se First People Centre.

GEDEELDE NAGLUG, GEDEELDE WYSHEID

Die Shared Sky-projek bring inheemse kunstenaars van Suid-Afrika en Australië bymekaar in 'n uitstalling wat die mensdom se oudste kulturele wysheid vier saam met een van die wêreld se grootste wetenskaplike en ingenieursprojekte: die Square Kilometre Array-radioteleskoopprojek.

Shared Sky eggo die gees van die internasionale wetenskaplike en ingenieursamewerking van die SKA-projek. Dit bring die mensdom oor twee plekke (Australië en Suid-Afrika) bymekaar om dieselfde uitspannel deur kuns te bestudeer.

Die uitstalling wys 'n begrip van die wêreld wat ontwikkel is oor ontelbare generasies wat die naglug dopgehou het. Omdat die twee terreine in Australië en Suid-Afrika op albei kontinente op dieselfde breedtegrade lê, het die mense wat tienduizende jare lank daar geleef het amper dieselfde naglug gesien. Daardie mense het van die oudste bekende kunswerke in die wêreld gemaak. Shared Sky kyk hoe hulle idees van die sterre se werking voortleef in die werk van vandag se kunstenaars, wat hulle idees deel met wetenskaplikes wat werk om die heelal se geheime bloot te lê.

Shared Sky wil ook wys dat die lug geen grense het nie en dat die naglug 'n al hoe skaarser hulpbron raak wat aan die hele mensdom behoort en gedeel moet word.

ANTIEKE WYSHEID

Die manier hoe die liggies in die naglug beweeg is van toeka af 'n bron van inspirasie vir kunstenaars. Die behoefte om dit te verstaan,

beïnvloed al ontelbare generasies se stories en mites oor die skepping onder mense oor die aarde heen. Dit is die twee groepe kunstenaars in hierdie uitstalling se inspirasie. En dit is ook die motivering vir die groot internasionale spanne wetenskaplikes en ingenieurs wat een van die wêreld se grootste wetenskaplike projekte in Australië en Suid-Afrika ontwikkel: die SKA.

SUID-AFRIKA

SKA Suid-Afrika het met professor John Parkington, professor in argeologie by die Universiteit van Kaapstad, en die First People Centre van die Bethesda-kunssentrum saamgewerk om die beelde van die inheemse San-bevolkings van die Karoo vas te vang.

Kunstenaars wat die afstammeling van /Xam-sprekende San-volke en ander van die sentrale Karoo is, werk saam om kunswerke te skep by die sentrum in die klein dorpie Nieu-Bethesda in die Oos-Kaap. Hulle skep meestal saam materiaal-kunswerke wat hulle eie skeppingsmites verken en die antieke kultuur vier van hulle voorvaders wat in die harde omgewing van die sentrale Karoo se woestynstreek oorleef het. Hierdie groot kunskwiltpraat 'n visuele taal wat tot in die oertyd terugstrek.

AUSTRALIË

In Wes-Australië is die Yamaji en ander inheemse kunstenaars wat kunswerke vir Shared Sky gemaak het, afstammeling van die Wajarri-mense, of is aan hulle verbind. Die Wajarri het tot die mid-19de eeu steeds 'n meestal tradisionele lewenswyse geleef en kos gejag en ingesamel op die grond waar die Australiese SKA nou lê.

Die meeste van hierdie kunstenaars het

nie op hierdie spesifieke stuk grond gebly nie, maar hulle gebruik kuns om hulle kultuur oor die hele Midweste te bevorder. Só leer hulle hulle gemeenskappe van hulle voorvaders se stories, laat sterwende tale herleef en koester die inheemse kultuur om bande met hulle tradisionele grond te behou.

Hulle is deel van Shared Sky deur die gemeenskap-kunnsorganisasie, Yamaji Art Centre in Geraldton, Wes-Australië. Dié

kunssentrum is 'n sterk voorstander vir maatskaplike geregtigheid en die bevordering van respek en bewustheid van die Yamaji-kultuur. Van hierdie inheemse kunstenaars is kinders van die Gesteelde Generasies wat in die 1940s en 1950s deur die Australiese regering met geweld van hulle gesinne weggeneem is en gedwing is om hulle moedertaal en kultuur op te gee.

ONTMOET ONS EERSTEMENS-KUNSTENAARS

Shared Sky verbind kunstenaars uit verafgeleë gemeenskappe aan weerskante van die Indiese Oseaan met oeroue kulturele konneksies aan die twee stukke grond waar die SKA sal lê.

In Suid-Afrika skep kunstenaars wat die afstammeling van die /Xam-sprekende San, en ander van die sentrale Karoo, kunswerke by die First People Centre van die Nieu-Bethesda Kunssentrum.

Jeni Couzyn is die bestuurder van die sentrum, en sy is ook die stigter en direkteur van die Bethesda-stigting. Kunstenaars en kunswerke is gekies op voorwaarde dat die kuns die hemelkennis van die jagter-insamelaar San-gemeenskappe wys, wat volksverhale oor die lug en sterre insluit.

Sandra Sweers (links) is die hoofkunstenaar van die First People-groep. Haar gunsteling medium is materiaal. Sy is ook 'n afdrukmaker en werk soms met brandskilderglas. Sy gee dikwels tekenklasse vir die ander deelnemers omdat dié vaardighede noodsaaklik is vir die kunskwilt.

Gerald Mei (regs) is die jongste van die First People-kunstenaars. Hy het in 2008, toe hy net 18 jaar oud was, by die sentrum aangesluit, net nadat hy gematrikuleer het – 'n buitengewone prestasie in Nieu-Bethesda.

Gerald het vinnig een van die mees entoesiasiese kwiltmakers geword. Hy is ewe gemaklik met brandskilderglas en die maak van afdrukke. Hy hou ook van olieverf en het met mosaïeke gewerk.



Die Shared Sky-uitstalling is in Suid-Afrika in die eerste kwartaal van 2015.